Publication: Sake (Rapport)
Date: 28 May 2017
Page: 3

# Só werk KWB op belegging in effektetrusts

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na kapitaalwinsbelasting (KWB) op beleggings by die dood.

'n Leser (77) skryf hy en sy vrou is binne gemeenskap van goedere getroud en hy wil weet oor die gevolg van KWB op sy effektetrustbeleggings wat hy by die dood aan sy vrou bemaak.

Word dit oorgeplaas in sy vrou se naam teen die waarde wat dit was toe KWB ingestel is (dit het in 2001 ingetree) of teen die waarde by die dood?

Byvoorbeeld, skryf hy, sê maar dit was R1 miljoen toe en dit is R1,5 miljoen by sy dood, is die waarde wat dit het in haar boedel die R1 miljoen of die R1,5 miljoen?

Die tweede deel van sy vraag: Sal dit nie beter wees om die geld nou te onttrek - want, meen hy, daar sal nou geen KWB betaalbaar wees nie - en dit dan te herbelê nie sodat haar KWB-verpligting minder is.

Kom ons vat dit puntsgewys. Eerstens, julle is binne gemeenskap van goedere getroud, wat beteken die helfte van die belegging behoort in elk geval aan haar.

Jy kan dus hoogstens die helfte van die belegging aan haar "bemaak". Dit beteken verder dat die KWB-verpligting wat die groei in die belegging skep, ook in die helfte gedeel word.

Die KWB word bereken deur die basiskoste (die oorspronklike beleggingsbedrag) van die markwaarde op die dag van die dood af te trek. Dit is die "wins" in kapitaalwins.

Trek dan hiervan af jou vrystelling van R300 000 by die dood (dit is R40 000 per jaar in lewe), neem 40% van dít wat oorbly en dit is die bedrag waarop jy KWB teen jou marginale koers gaan betaal.

As die belegging in geheel voor 1 Oktober 2001 gedoen is, sal die waarde daarvan soos op 1 Oktober 2001 geld. Maar dit is baie onwaarskynlik, aangesien die dividendinkomste van beleggings in effektetrusts gewoonlik gebruik word om nog onderaandele te koop.

Dit gaan nie veel sin hê om nou die geld te onttrek nie, want dan gaan jy nou KWB moet betaal op die geld wat jy onttrek - elkeen van julle om die helfte, onthou, want julle is binne gemeenskap van goedere getroud.

By die dood word die KWB-berekening gegrond op die waarde van die belegging, maar alles wat aan 'n gade bemaak word, word afgetrek, wat dan tot gevolg het dat geen KWB betaalbaar is nie.

Maar jou vrou erf nie net jou helfte van die belegging nie, sy "erf" ook jou basiskoste. Wanneer sy dan die belegging te gelde maak of sterf, sal die KWB-berekening gedoen word van hierdie laer basiskoste af.

Dis verder belangrik om te verstaan dat om 'n effektetrustbelegging te gelde te maak (of by die dood aan 'n begunstigde oor te dra) nie noodwendig KWB trek nie. Ek hoor die storie gereeld en dis 'n fout. KWB word nie gehef op die volle waarde van die belegging nie, net op die aandelekomponent.

As die geld sinvol belê is - en ek meen op die ouderdom van 77 jaar is dit nie sinvol om alles in aandele te hou nie - sal daar 'n groot deel in kontant en effekte belê wees waarop inkomstebelasting gehef word en nie KWB nie.

Die inkomstebelasting is elke jaar betaalbaar met inagneming van die rentevrystelling van R34 500 per jaar vir elkeen van julle.

Kortom, ek dink nie jy hoef jouself dood te bekommer oor KWB nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission